

**Dinsdag 17 November**

**Skrifgedeelte: Daniël 11:36-45**

**Fokusgedeelte: Daniël 11:36**

### **Wat besluit is, sal gebeur**

**H**ierdie Antiochus IV Epifanes het geleef in selfvergoddeliking. Epifanes wil sê: hý is geopenbaarde god. Hy doen net wat hy wil. Hy belaster en bespot God met varkoffers vir Zeus in die tempel, met die verbod op God se volk se offers, God se wet. Dit gaan goed met hom, hy gaan van krag tot krag.

Hoe moedeloos kan ons nie ook word wanneer die misdaad hand oor hand toeneem, die korrupsie, die magtiges wegkom met enige kwaad. Maar God sal dit met hierdie voorloper van die antichris laat goed gaan totdat die loutering oor sy volk voltrek is. Korruptes en bese heersers floreer nie omdat die bese oorwin nie. In die laaste dae sal die duiwel vir 'n kort tydjie losgemaak word – WORD, nie in eie krag nie. Die loutering deur strafgerig moet eers deur God se besluit deur middel van hierdie boosaard voltrek word.

Ons moenie onself bolangs troos met die gesegde “niks is toevallig” nie. Ook hierdie dinge kan net gebeur omdat dit deur God besluit is. Dit moet ons eerder aanspoor om ootmoedig voor God te lewe wanneer Hy dit met die bese laat goed gaan totdat die loutering oor sy volk voltrek is.

Dan moet ons nie ongelowig soos die fataliste sê “Wat moet gebeur, sal gebeur” nie. Die Here sê: Wat besluit is (in die hemele, deur God) sal gebeur. Die geestesvorste van die bese is gebind: Die engele van God voer stryd teen hulle, God Self bind hulle (Hfst. 10). Hy laat hulle toe in hulle optrede, maar net tot 'n punt – nooit bó ons kragte nie (1 Kor.10:13).

In Antiochus se onrustige lewe, die lot van elke magsbehepte, voer hy weer 'n veldtog teen die Suide (Egipte), maar kry berigte van opstande in die oostelike deel van sy ryk. Inderhaas is hy soontoe, maar sterf daar: “Daar was niemand om hom te help nie.” Eerloos, volgens 2 Makkabeërs 9:28 'n jammerlike dood ... in groot smarte – soos hy aan ander mense gedoen het.

God se wraak vir die sonde teen sy volk kom op sý tyd. Ook almal wat vir Jesus deurboor het, sal Hom in selfverwyt sien kom (Op.1:7). Deur sy dood kan ons vashou aan die ware offer. Sy Gees versterk ons om weerstand te bied en getrou te volhard tot dan, selfs onder die moeilikste omstandighede.

Daniël eindig met die eerste direkte aankondiging in die Ou Testament van die opstanding uit die dood (12:2). Op daardie dag word ons oorwinning in Christus geopenbaar.

*Sing: Psalm 27-1:1, 4, 6; Skrifberyming 14-3:1, 3, 4; Lied 562:2, 4; Skrifberyming 15-7; Psalm 40-1:1, 4, 8*

*Ds. J Malan (Jan) (Burgersdorp)*